**19 Maart**

**Skrifgedeelte: Levitikus 26:1-13**
**Fokusgedeelte: Levitikus 26:13**

## Gehoorsaamheid bring getuienis van seën

Hoekom luister ons elke Sondag na die Here se wet? Is ons nie vry in Christus nie? Is die wette van die Here nie 'n juk wat op gelowiges geplaas word nie?

Die voorskrifte van Levitikus is gegee nadat die Here sy volk uit Egipte bevry het. Nakoming daarvan was dus nie verdienste sodat die Here hulle op grond van hulle goeie gehoorsaamheid sou bevry nie. Dit was nie 'n nuwe juk wat op hulle geplaas is om hulle te verslaaf nie (vs. 13). Nee, hulle is reeds bevry en was nou sonder 'n juk.

Soos 'n man en vrou wat lief is vir mekaar en hulle liefdesverhouding met 'n huweliksband vasbind, so is die nuwe verhouding tussen die Here en sy volk vasgebind met 'n verbond.

In 'n gelukkige huwelik kom beide man en vrou hulle huweliksbeloftes na. So werk hulle tot mekaar se voordeel en geluk. In die verbond tussen die Here en sy volk kom die Here altyd sy beloftes na. Kom die volk haar beloftes na, word die Here verheerlik en is daar seën. Hierdie seën bring ware vryheid, ware vrede en ware innerlike geluk vir die volk. Die nakoming van verbondsbeloftes is dus nie 'n juk wat jou afdruk nie, maar die veilige grense waarbinne ware vryheid, vrede en rus gevind word.

In Jesus is ons reeds bevry van die sonde en het God 'n nuwe verbond met ons opgerig. Ons is as kerk bruid van Christus. Ons wag op die koms van ons Bruidegom. En terwyl ons wag, kom ons ons bruidsbeloftes met vreugde en ywer na, want ons weet dat alleen in die nakoming van ons Bruidegom se voorskrifte die ware vryheid, vrede, voorspoed en vreugde te vind is.

Gehoorsaamheid is getuienis van seën. Nou ervaar ons dit reeds innerlik in ons lewens. Die dag as ons Bruidegom terugkom, sal ons dit ook uiterlik en volkome ervaar.

*Sing: Psalm 45:9, 10, 16 (1936)* *Dr. JA Erasmus (Odendaalsrus)*